

Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch

Tweede konsepweergawe (vir openbare oorlegpleging)

met annotasies

Hierdie dokument bevat aantekeninge oor die veranderinge wat ingesluit is (en nie ingesluit is nie) by die tweede konsepweergawe van die *Taalbeleid* (2016), wat in Julie 2021 vir 'n tweede fase van openbare oorlegpleging uitgereik word.

Die voorgestelde veranderinge sedert die eerste konsepweergawe is in geel gemerk: Byvoegings is **onderstreep**, en skrapings is **deurgehaal**.

Aantekeninge/annotasies word in blou blokke (soos hierdie een) aangebied.

Vir die volledige stel reaksies wat gedurende die openbare oorlegplegingsproses ontvang is, raadpleeg die *Reaksieverslag*, wat by www.sun.ac.za/taal te kry is. Die *Reaksieverslag* identifiseer agt hoofemas en verduidelik watter metode die taakgroep gevolg het om die terugvoer te oorweeg en te kodeer. Benewens die openbare oorlegpleging, is kommentaar ook van die fakulteitsrade, Rektooraat, Institusionele Forum, Senaat en Raad ontvang, en alles is oorweeg.

Die taakgroep bedank graag alle respondente, waaronder institusionele komitees, vir hulle bydraes.

Verwysingsnommer van hierdie dokument	
HEMIS-klassifikasie	
Doel	Om taagebruik in alle aspekte van die Universiteit te bereël , te bestuur en oorsigbestuur daarvoor uit te oefen.
Tipe dokument	Beleidsdokument
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	1 Januarie 2022 of so gou moontlik daarna
Hersieningsdatum of -frekwensie	Hierdie <i>Beleid</i> verval ná vyf jaar en moet hersien word in die vyfde jaar waarin dit geld. Indien die eienaar van die <i>Beleid</i> dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die geldigheidstydperk hersien word.
Goedkeuringsdatum van vorige Beleid	22 Junie 2016
Eienaar van hierdie Beleid	Viserektor: Leer en Onderrig
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid	Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking

Goedkeuringsdatum	[Voeg goedkeuringsdatum in]
Goedgekeur deur	Die Raad van die Universiteit Stellenbosch, met die instemming van die Senaat
Sleutelwoorde	beleid, institusionele kommunikasie, leer- en onderrigtale, meertaligheid, taal, taalbeplanning, tolking, transtaligheid, vertaling
Geldigheid	Die Engelse weergawe van hierdie <i>Beleid</i> is die geldende weergawe, en die Afrikaanse weergawe is 'n vertaling daarvan.

Aantekeninge oor die voorgestelde veranderinge aan “Hersieningsdatum of -frekwensie”

In pas met paragraaf 10.3 is die verwysing na die *Beleid* wat “verval” verander om met die standaardbewoording in die Universiteit Stellenbosch se beleid- en bestuursdokumente (sien annotasie onder paragraaf 10.3). Die taakgroep stel voor dat die woord “review(ed)” deurgaans in die Engelse weergawe gebruik word, in plaas daarvan om “revise” en “review” uitruilbaar te gebruik.

Die kern van die Beleid

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing. Die *Taalbeleid* beoog om uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Suid-Afrikaanse *Grondwet* en die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrigingsinstellings* (2020) wat betref taalgebruik in die Universiteit se akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die *Beleid* beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personele uit te brei, meertaligheid en waardering vir meertaligheid te bevorder, en pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer. Sonder om uit die oog te verloor dat die US ook gemeenskappe oor die vasteland en die wêreld heen bedien, verbind ons onself tot meertaligheid deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde byvoeging

1. Grondwet

Die taakgroep het 'n aanbeveling oorweeg om bykomende artikels van die *Grondwet* te lys. Hierdie bykomende artikels sluit in artikel 9 (“Gelykheid”), 30 (“Taal en kultuur”) en 31 (“Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe”).

Alle artikels van die *Grondwet* is weliswaar van toepassing, of daarna verwys word of nie, wat byvoorbeeld artikel 6 (“Tale”) insluit. Nietemin word artikel 29(2) beskou as die artikel van die *Grondwet* wat die direkste van toepassing is op 'n universiteit se taalbeleid. Hierdie artikel van die *Grondwet* lui soos volg en word as voldoende beskou vir die doeleindes van “Die kern van die *Beleid*”:

29. Onderwys (2) *Elkeen het die reg om in openbare onderrigingsinstellings onderrig te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderrig redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderrig, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van –*

(a) billikheid;

(b) doenlikheid; en

(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

2. Meertaligheid

In “Die kern van die *Beleid*” stel die taakgroep die volgende insluiting voor: “... om ... meertaligheid en waardering vir meertaligheid te bevorder”. Die rede hiervoor is om aan te dui dat die *Beleid* “op meer as net institusionele meertaligheid (... waar 'n diverse groep eentalige mense saambestaan)” konsentreer; “dit streef ook na individuele meertaligheid en moedig individue aktief aan om meer as een taal te gebruik” (sien “2. Die meertalige konteks”).

3. Gelyke behandeling, gelyke status, gelyke agting

Die taakgroep het die begrippe van “gelyke behandeling”, “gelyke status” en “gelyke agting” van tale bespreek, en nagedink oor hoe dit by die tweede konsep van die *Taalbeleid* ingewerk kan word.

Die eerste konsep het reeds beklemtoon dat Afrikaans ’n *ontwikkelde* akademiese taal is, en isiXhosa ’n *ontwikkelende* akademiese taal. Die gebruik van “gelyke behandeling en status” kan impliseer dat Afrikaans, Engels en isiXhosa op presies dieselfde manier hanteer behoort te word, met volle parallelmediumonderrig in al drie tale. Dit sal egter nie ’n akkurate weerspieëling wees van die genuanseerde differensiasie in hoe taal tans aan die Universiteit Stellenbosch gebruik word nie.

Onder “gelyke agting” word verstaan dat alle tale respek, erkenning en waardering verdien. Dit word ondersteun, maar in plaas daarvan om dit by “Die kern van die Beleid” in te sluit, sit die taakgroep dit in meer besonderhede onder “2. Die meertalige konteks” uiteen.

1. Inleiding

~~Aan By~~ die US skep, versprei en gaan ons krities om fokus ons op die omgang met kennis. As deel van hierdie omgang hou die US rekening met kreatiewe prosen erken die US die diversiteit van ons samelewing, wat ons taaldiversiteit insluit, sowel as die intellektuele rykdom wat in daardie diversiteit opgesluit lê.

Die *Grondwet* verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat gebruik behoort te word as ’n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die *Grondwet* bepaal dat daar nie op verbode gronde onbillik teen enigiemand gediskrimineer mag word nie. Dit bepaal voorts dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike Suid-Afrikaanse taal of tale van eie keuse, met inagneming van billikheid, doenlikheid, en die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

Die *Taalbeleid* beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei en om te verseker dat taalpraktyke pedagogies verantwoordbare leer en onderrig fasiliteer.

Aantekeninge oor die voorgestelde redaksionele veranderinge, en oor terugvoer wat ontvang is

Die redaksionele veranderinge aan die “Inleiding” is die gevolg van wisselwerking tussen die Engelse en Afrikaanse tekste, en is bedoel om die duidelikheid en vloei van albei te verbeter, terwyl dit ook die “kreatiewe” aspek van die US se “omgang met kennis” beklemtoon.

Die taakgroep het ’n voorstel oorweeg om die laaste paragraaf van die “Inleiding” te eindig met “... deur die Afrikaanse en Engelse aanbod van alle voorgraadse modules te maksimeer, en die leermateriaal met meertalige terminologiese aan te vul”, maar het daarteen besluit. Sodanige bepalings word onder paragraaf 7.4.2 bespreek, en is nie gepas as inleidende inligting nie.

2. Die meertalige konteks

Die US volg ’n dinamiese prosen om uitmuntende studente te werf, talentvolle personeellede aan te stel, en die instelling inklusief en divers te maak, wat insluit die gebruik van meer as een taal. As ’n navorsingsintensiewe universiteit, skep die US geleenthede vir die ontwikkeling van akademiese geletterdhede en die bevordering van individuele, institusionele en samelewingsmeertaligheid.

Die US is ’n nasionale bate met ’n internasionale reikwydte, en US-studente en -personeellede verteenwoordig die meeste van die taalgroepe in Suid-Afrika. Hoewel ons erken dat alle Suid-Afrikaanse en internasionale tale as kommunikasie hulpbronne vir kommunikasie dien, kies ons om ons institusioneel te verbind tot die gebruikers van

Afrikaans, Engels en isiXhosa, wat die drie amptelike tale van die Wes-Kaapprovinsie is. Dit doen ons in die gees van samewerking, veral in streeksverband binne die Kaapse Hoërondewyskonsortium (Eng. CHEC) met rolspelers in die streek.

Die kontekstuele oorwegings vir die gebruik van hierdie tale is soos volg:

Afrikaans

Afrikaans het oor dekades is 'n internasionaal gerekende taal wat oor verskeie dissiplines heen 'n aansienlike akademiese repertoire ontwikkel het, waartoe die US beduidend bygedra het. Die toepassing en verryking van die akademiese potensiaal waarde van Afrikaans is 'n manier om 'n groot en diverse gemeenskap in Suid-Afrika te bemagtig. Vaardigheid in Afrikaans ondersteun ook internasionalisering omdat dit 'n geleentheid skep vir leer en navorsing met van die Universiteit se standvastigste akademiese vennootskappe in Nederland en België.

Engels

Sprekers van die verskillende Suid-Afrikaanse tale gebruik dikwels Engels om met mekaar te kommunikeer, en Engels het beduidende akademiese, professionele en internasionale waarde. Daarom gebruik die US Engels gereeld, maar nie uitsluitlik nie, in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste.

IsiXhosa

IsiXhosa is 'n inheemse taal wat deur een van die grootste taalgemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word. Deur middel van spesifieke inisiatiewe, en waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is, dra die US by tot die bevordering van isiXhosa as 'n ontwikkelende akademiese taal, benewens die gebruik van isiXhosa as 'n taal om alle amptelike interne kommunikasie oor te dra soos deur wat die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondewysinstellings* (2020) voorgeskryf.

Die Taalbeleid konsentreer op meer as net institusionele meertaligheid (d.w.s. die vestiging van meertalige institusionele ruimtes waar 'n diverse groep eentalige mense saam bestaan); dit streef ook na individuele meertaligheid en moedig individue aktief aan om meer as een taal te gebruik. Individuele meertaligheid is 'n bate wat die US graag wil ontwikkel omdat dit sowel nasionaal as internasionaal duidelike akademiese voordele inhou. Die skep van geleenthede vir individuele meertaligheid stel individue in staat om hulle taalrepertoire uit te bou met tale of taalvariëteite in verskillende vorme en op verskillende vaardigheidsvlakke. Namate individue se ervaring van taal in kulturele verband uitbrei, word verskillende tale en kulture nie meer in streng afsonderlike kompartemente beskou nie, maar verander dit in 'n veeltalige kommunikasievaardigheid waartoe alle kennis en ervaring van taal bydra, en waarin tale met mekaar verband hou en op mekaar inwerk. Transtaligheid in die klaskamer is een so 'n veeltalige praktyk. Hoewel dit belangrik is dat studente ruimte gegun word om instrumente soos transtaligheid te gebruik om informeel in die klaskamer te kommunikeer, behoort hulle ook taal/tale formeel te bestudeer, en te leer hoe om die akademiese en tegniese registers daarvan te gebruik.

Meertaligheid strek egter ook verder as 'n individu se bereidheid om meer as een taal te leer en te gebruik. Die Taalbeleid konsentreer ook op die bevordering van inklusiwiteit en 'n waardering vir die waarde van diversiteit. Derhalwe is meertaligheid ook 'n gesindheid. Meertaligheid rus studente toe om 'n groter en meer diverse kundigheidsbasis te ontgin; om met die samelewing om te gaan op 'n manier wat tot die hart spreek, en nie net tot die verstand nie; om dinamiese beroepslui te wees wat beter daartoe in staat is om probleemoplossings-, luister- en interpersoonlike vaardighede aan die dag te lê, en afgeronde individue wat ingeligte besluite kan neem op grond van meer as net hulle eie denke. In die praktyk sal hierdie gesindheid hom byvoorbeeld manifesteer in institusionele byeenkomste waar

taalvereistes deur aanvanklike kontroles bepaal word en transtaligheid voorkom. Dit sou hom ook manifesteer in individue se bereidheid om 'n verskeidenheid tale te leer en te gebruik.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde byvoegings

Hierdie paragraaf is aansienlik uitgebrei om die *waarde* (eerder as net die *potensiaal*) van individuele, institusionele en samelewingsmeertaligheid te verduidelik, en hoe dit met konsepte soos “transtaligheid” en “veeltaligheid” verband hou.

Die bepaling oor Afrikaans is uitgebrei om dié taal se internasionale status as 'n gevestigde akademiese taal in te sluit. Die beperkende geografiese kwalifikasie “~~in Suid-Afrika~~” is ook geskrap.

Die interne samehang van die *Taalbeleid* is in hierdie tweede konsepweergawe verbeter (byvoorbeeld deur konsekwent na “redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar” te verwys waar ook al die akademiese gebruik van isiXhosa bespreek word) om te sorg dat die institusionele verbintenis tot ál drie tale konsekwent is deur die hele teks.

Die spesifieke verwysing na die Kaapse Hoërondewyskonsortium (CHEC) is geskrap om nie streeksamewerking tot 'n enkele voorbeeld te beperk nie.

3. Toepassing van die *Beleid*

Die *Taalbeleid* is van toepassing op die hele Universiteit, wat insluit personeellede en studente in hulle hoedanigheid as persone verbonde aan die US, fakulteite, professionele akademiese en administratiewe steundiensteafdelings, Studentegemeenskappe, en oorsigbestuur- en bestuursliggame, personeellede en studente van die US in hulle hoedanigheid as persone verbonde aan van die US.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde redaksionele veranderinge

Hoewel hierdie paragraaf vereenvoudig kan word deur bloot te sê “Die *Taalbeleid* is van toepassing op die hele Universiteit”, het sommige respondente ook kommer uitgespreek oor die toepassing van die *Beleid* in koshuis- en kampusomgewings. In dié verband sluit hierdie tweede konsep nou uitdruklik “Studentegemeenskappe” in, wat onder “13. Woordelys van terme en afkortings” omskryf word.

Die *Taalbeleid* is ook van toepassing op die administratiewe, nagraadse leer- en onderrig-, navorsings- en sosiale-impakwerksaamhede van die Universiteit. Hoewel dit nie uitdruklik hier genoem word nie, word dit onder paragraaf 5.4 te kenne gegee (wat die kern strategiese temas van die Universiteit lys).

“Professionele akademiese en administratiewe steundienste” is deurgaans verander.

4. Doel van die *Beleid*

Die doel van die *Taalbeleid* is om taalgebruik in alle aspekte van die Universiteit te bereël, te bestuur en oorsigbestuur daarvoor uit te oefen.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is

Die taakgroep het verskillende byvoegings en voorgestelde redaksionele veranderinge oorweeg, maar die huidige bewoording is uiteindelik as duidelik en eenvoudig genoeg beskou.

Die gebruik van die woord “bereël” is bevraagteken, en twee alternatiewe, “reguleer” en “reël”, is oorweeg.

5. Mikpunte van die *Beleid*

- 5.1 Om uitvoering te gee aan artikels 29(2) (taal in onderwys) en 29(1)(b) (toegang tot hoër onderwys) van die Grondwet, gelees in samehang met artikel 9 (gelykheid en die verbod op direkte en indirekte onbillike diskriminasie) van die Grondwet.

- 5.2 Om uitvoering te gee aan die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondwysinstellings* (2020), wat vasgestel is ingevolge artikels 3 en 27(2) van die *Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997*.
- 5.3 Om by te dra tot die verwesenliking van die US se visie, soos dit in die Universiteit se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* vervat is, ten einde inklusiwiteit en billike toegang tot die US moontlik te maak vir alle voornemende en huidige studente sowel as personeellede, in die strewe na uitnemendheid.
- 5.4 Om doeltreffende leer en onderrig, navorsing sowel as dienslewering by die US te fasiliteer aan die hand van die instelling se kern **strategiese** temas: ’n florerende Universiteit Stellenbosch, ’n transformerende studente-ervaring, doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, navorsing vir impak, en ’n voorkeurwerkgewer.
- 5.5 Om **individuele en institusionele** meertaligheid as ’n belangrike kenmerk van die US te bevorder **met betrekking tot ten opsigte van** hoe die Universiteit funksioneer, hoe studente leer, en die gedifferensieerde **graduandi-**eienskappe **van afgestudeerdes** wat in akademiese programme en ko-kurrikulêre aktiwiteite ontwikkel word.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde byvoeging

Geen wesenlike veranderinge word aan die lys mikpunte van die konsep-*Taalbeleid* voorgestel nie.

Die taakgroep het oorweeg of artikel 6 van die *Grondwet*, oor amptelike tale, dalk by paragraaf 5.1 ingesluit behoort te word. Die artikel handel oor die verantwoordelikhede van nasionale en provinsiale regeringstrukture wat betref die erkenning van alle amptelike Suid-Afrikaanse tale. Nietemin het die taakgroep daarteen besluit, om te verhoed dat te veel subartikels van die *Grondwet* ingesluit word.

In die oorweging van watter terme by die lys omskrywings onder “13. Woordelys van terme en afkortings” ingesluit behoort te word, het die taakgroep besluit om slegs terme van kernbelang in te sluit. Aangesien die term “onbillike diskriminasie” slegs twee keer in die konsep-*Taalbeleid* voorkom, en in albei gevalle slegs met verwysing na artikel 9 van die *Grondwet*, is die omskrywing daarvan nie ingesluit nie.

6. Beleidsbeginsels

Die *Taalbeleid* is **gebaseer gegrond** op die volgende normatiewe grondbeginsels, wat alle aspekte van die **interpretasie vertolkings** en implementering van die *Beleid* moet rig:

- 6.1 Ingevolge die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondwysinstellings* (2020) behoort individuele en samelewingsmeertaligheid beskou te word as “’n hulpbron om kognitiewe ontwikkeling, epistemiese toegang, inklusiwiteit, transformasie, maatskaplike samehang en respek vir alle tale te fasiliteer” **(eie vertaling)**.¹
- 6.2 Taal aan die US behoort toegang tot akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste te verbreed en sukses in daardie kontekste te ondersteun, en behoort nie ’n hindernis vir studente of personeellede daar te stel nie. Dít is veral belangrik in die lig van die grondwetlike **noedsaaklikheid vereistes** om die gevolge van vorige **rasse** diskriminasie reg te stel, en te verseker dat daar geen direkte of indirekte onbillike diskriminasie teen huidige of voornemende personeellede en studente van die US plaasvind nie.
- 6.3 Alle aspekte van die *Taalbeleid* en die implementering daarvan in leer en onderrig behoort pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer.

¹ Eie vertaling; dokument slegs in Engels uitgereik.

In voortbouing op die drie normatiewe grondbeginsels in 6.1 tot 6.3 gestel hierbo, moet die volgende beginsels ook in ag geneem word wanneer hierdie *Beleid* vertolk en die implementering daarvan gerig word:

- 6.4 Die US respekteer die tale en taalvariëteite wat sy studente en personeellede gebruik, en erken hulle taalvoorkeure en taalvaardigheidsvlakke.
- 6.5 Die US erken die komplekse rol van taal oor die algemeen, en van ons afsonderlike talke in die besonder, in ons samelewing. Alle tale word as hulpbronne vir doeltreffende opbou van kennisbou beskou.
- 6.6 Die US gebruik die instelling se gekose tale op so 'n wyse dat dit alle studente, personeellede en ander belanghebbendes insluit.
- 6.7 Die US erken dat akademiese geletterdhede en die gebruik van akademiese tale uit stelle komplekse praktyke bestaan wat verband hou met die wyse manier waarop kennis in dissiplines kennis geskep word. Hierdie praktyke word die beste ontwikkel in die kontekste van akademiese dissiplines en op hulle verbandhoudende vakgebiede.
- 6.8 Die US vestig gepaste taaldienste en dienste vir die ontwikkeling van akademiese personeellede om die implementering van die *Taalbeleid* te ondersteun.
- 6.9 Die *Taalbeleid* en die implementering daarvan word gerig deur wat in spesifieke kontekste redelikerwys uitvoerbaar is. Tersaaklike faktore wat oorweeg moet word, sluit in sonder om, maar is nie beperk te wees nie tot, die drie normatiewe grondbeginsels in 6.1 tot 6.3 gestel hierbo, die getal studente wat by 'n spesifieke wyse van implementering smetode sal baat vind, die akademiese taalvaardigheid van die betrokke studente, die beskikbaarheid en akademiese taalvaardigheid van personeellede, rooster- en lokaalbeperkings, sowel as en die US se beskikbare hulpbronne, en die mededingende aansprake op daardie hulpbronne.
- 6.10 Die implementering van die *Taalbeleid* pas aan by die veranderende taaldemografie en taalvoorkeure van studente en personeellede.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die taakgroep het alle voorgestelde veranderinge oorweeg, onder andere voorstelle om meer beginsels by te voeg, die drie "normatiewe grondbeginsels" en die res van die beginsels saam te voeg en/of paragraaf 6.9 en 6.10 te skrap.

"Vorige ~~ras~~diskriminasie" is verander soos voorgestel, en paragraaf 6.5 is vereenvoudig. Geringe redaksionele wysigings aan paragraaf 6.7 word voorgestel om die leesbaarheid van sowel die Afrikaanse as Engelse bewoording te verbeter.

Die taakgroep sal die aanbeveling om paragraaf 6.10 te skrap met die oog op die finale konsep oorweeg. Die beoogde buigsaamheid wat in paragraaf 6.10 ter sprake kom, word voldoende hanteer in paragraaf 6.9, wat nie as 'n ongekwalifiseerde "voorbehoudsbepaling" beskou behoort te word nie, maar gelees moet word in samehang met "7. *Beleidsbepalings*". (Die taakgroep het ook 'n alternatiewe voorstel oorweeg om paragraaf 6.10 te eindig met: "... maar ontsê geen persoon hulle grondwetlike reg om in hulle voorkeurtaal te leef en te leer nie".)

7. Beleidsbepalings

Die beleidsbeginsels in paragraaf 6 gee aanleiding tot die volgende bindende beleidsbepalings:

7.1 Leer en onderrig

- 7.1.1 Afrikaans en Engels is die US se leer- en onderrigtale. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur 'n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings,

In die gees van transtaligheid word ruimte vir die buigsame gebruik van leer- en onderrigtale in tutoriale en praktika, konsultasies, studiegroepe sowel as leerondersteuningomgewings wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word voorsien. In die gees van Hoewel Afrikaans en Engels die US se primêre leer- en onderrigtale is (soos hieronder beskryf word), word transtaligheid in veelvuldige tale aangemoedig om leer te ondersteun en te verryk kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word.

- 7.1.2 Voorgraadse modules word aangebied deur enige van die maatreëls wat in paragrawe 7.1.3, 7.1.4 en 7.1.5 of, in die geval van voorgraadse modules op vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), paragraaf 7.1.8 hieronder uiteengesit word.
- 7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:
- 7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.
- 7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van verskillende taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie in programme te bevorder.
- 7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).
- 7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:
- 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word inhoud ook in Afrikaans opgesom of beklemtoon voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.
- 7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).
- 7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking of aanlyn gedurende elke lesing hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Gedurende In die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane tolking of hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar op versoek van 'n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien verskaf word, sowel as die intydse tolking daarvan en (indien tolking van toepassing is verskaf en dit aanlyn geskied het gedoen is) ook die intydse tolking daarvan. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.

- 7.1.5 In die volgende gevalle sal voorgraadse lesings in slegs een taal aangebied word:
- 7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.
- 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:
- (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US gedurende elke lesing simultane Engelse tolking in Engels óf hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, aseek sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Indien die eerstejaarlesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US gedurende elke lesing simultane Afrikaanse intydse tolking in Afrikaans hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, en gedurende sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). In die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane Afrikaanse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar op 'n fakulteit se versoek van 'n fakulteit, indien die behoefes van die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien verskaf word en, sowel as die intydse tolking daarvan indien tolking verskaf en dit aanlyn geskied het gedoen is, ook die intydse tolking daarvan. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van hierdie tolkdienste in 'n module gebruik maak, kan dit die diens gestaak word.
- (b) Benewens lesings, en waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, is daar word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.
- 7.1.5.3 Waar alle studente in die 'n klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem, en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistenten die nodige akademiese taalvaardigheid het en instem om dit te doen.
- 7.1.6 Benewens lesings, en oOp grond van die behoeftes van studente se behoeftes sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings 'n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategieë, wat insluit opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening.-
- 7.1.7 Die leer materiaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel:
- 7.1.7.1 Alle verpligte voorgeskrewe leesstof word in Engels voorsien, behalwe waar die module oor die taal self handel.

- 7.1.7.2 Verpligte Voorgeskrewe leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien, tensy waar dit nie redelikerwys uitvoerbaar is nie.
- 7.1.7.3 US-moduleraamwerke en -studiegids is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- 7.1.7.4 Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is en daar 'n pedagogiese behoefte bestaan, word isiXhosa en ander tale gebruik om konsepte verder vas te lê, byvoorbeeld deur die insluiting van meertalige woordelyste met kernbegrippe en akademiese terme.
- 7.1.8 In alle aspekte van nagraadse leer en onderrig, met inbegrip van voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7, kan Engels of enige ander taal of tale gebruik word, mits die dosent(e) en al die studente akademies vaardig is in sodanige ander daardie taal of tale. Dit sluit voorgraadse modules op Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in.
- 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules, wat nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 uitsluit, is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR)-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 uit. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk inlewer dien in Afrikaans of Engels of, deur voorafreëling en indien die dosent vaardig is om die assessering in isiXhosa na te sien, in isiXhosa.
- 7.1.10 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules, wat nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 insluit, is in slegs ten minste in Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk inlewer in Engels of, deur voorafreëling en indien die dosent vaardig is om die assessering in Afrikaans of isiXhosa na te sien, in Afrikaans of isiXhosa.
- 7.1.11 Waar studente of personeellede alternatiewe tekste soos Braille of vergroete tekste grootdruk nodig het om te kan kommunikeer en om inligting te verstaan, en sodanige tekste is nie beskikbaar nie, behoort die betrokke personeel met die US se Braille-kantoor van die US skakel te nader om die tydig beskikbaarstelling van die alternatiewe tekste te reël ondersteun deur dié kantoor.
- 7.1.12 Aangesien Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) die primêre taal vir sommige Dowe persone is, is sal 'n Gebaretaaltolk SAGT-tolk en/of intydse onderskrifte gedurende lesings, tutoriale en die vernaamste openbare US-geleentheid beskikbaar wees waar dit vereis word en redelikerwys uitvoerbaar is.
- 7.1.13 Fakulteite kan in spesifieke gevalle van die beleidsbepalings in paragraaf 7.1 afwyk, maar slegs as die afwyking:
- 7.1.13.2 met die beginsels van hierdie *Beleid* strook; en
- 7.1.13.2 geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne wat die Universiteit voorsien, pedagogiese oorwegings kwessies, of fakulteitspesifieke oorwegings; en
- 7.1.13.3 goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die 'n regverdiging aan die Senaat voorgelê word aan en goedgekeur word

deur die Senaat, of, in dringende gevalle, deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat goedgekeur word.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die taakgroep ondersteun die voorgestelde verandering aan die bewoording van paragraaf 7.1.1, naamlik om die paragraaf met “In die gees van transtaligheid” te begin, wat dit met “2. Die meertalige konteks” verbind.

Kleiner redaksionele wysigings is aangebring tot en met paragraaf 7.1.7 om die Afrikaanse teks beter te laat lees. By paragraaf 7.1.7 is “Verpligte” is met “Voorgeskrewe leesstof” vervang.

Kommer is uitgespreek oor die taalbepalings in paragraaf 7.1.8 en 7.1.9 met betrekking tot voorgraadse modules wat op NKR-vlak 8 aangebied word, en nagraadse programme (Gevorderde Diplomas) wat op NKR-vlak 7 aangebied word.

Nogtans dui ’n ontleding van fakulteite se taalimplementeringsplanne in albei gevalle op die pragmatiese behoefte om hierdie modules as “nagraads” te beskou. ’n Driejaar-Baccalaureusprogram op uitreevlak 7 word gewoonlik as “voorgraads” beskou, en enigiets vanaf NKR-vlak 8 (Honneurs-, Nagraadse Diploma-, Magister- en Doktorale programme) as “nagraads”.

Die Hoëronderwyskwalifikasie-subraamwerk (HOKSR) maak voorsiening vir vierjaar-Professionele Baccalaureusgrade wat voorgraads van aard is, maar op NKR-vlak 8, Honneursvlak, uitree. Nietemin is finalejaar- voorgraadse modules op NKR-vlak 8 dikwels dubbeldoelig, en kan dit ook vir nagraadse studente as deel van hulle Honneurs- of Nagraadse Diplomastudie aangebied word. In sekere Professionele Baccalaureusprogramme moet studente eksamens aflê wat beroepsdiggame in Engels opstel. In ander programme is die modules wat op NKR-vlak 8 aangebied word keusespesialisasies wat dikwels deur internasionale akademici aangebied word, gespesialiseerde vaktaal gebruik en op klein klasse afgestem is, wat die aanstelling van bykomende tolke minder haalbaar maak.

Boonop maak die HOKSR daarvoor voorsiening dat Gevorderde Diplomas (wat voorafgegaan moet word deur ’n gepaste Diploma of Baccalaureusgraad) op NKR-uitreevlak 7 aangebied word. Hoewel die uitreevlak soortgelyk is aan dié van ’n Baccalaureusgraad, is die programme “nagraads” van aard, en gewoonlik op ’n wye verskeidenheid studente afgestem.

Die oorspronklike paragraaf 7.1.9 is in 7.1.9 en ’n nuwe 7.1.10 verdeel om ’n beter beskrywing te bied van assessering in voorgraadse en nagraadse modules. Voorgraadse modules op NKR-vlak 8 is by voorgraadse assessering ingesluit en ’n definisie van *nagraadse programme* is by die lys omskrywings onder “13. Woordelys van terme en afkortings” ingesluit. Die moontlikheid dat ’n tesis byvoorbeeld in Afrikaans of isiXhosa geskryf kan word, is by hierdie konsepweergawe ingesluit, dog met die voorbehoud dat dit “deur voorafreëling” moet geskied sodat die interne en eksterne eksaminering- en modereringsprosedures byvoorbeeld dienooreenkomstig gereël kan word.

Paragraaf 7.11 (voorheen 7.10) is geredigeer om op te klaar dat die Braille-kantoor – en nie die dosent(e) nie – daarvoor verantwoordelik is om tekste te voorsien.

Kommer is uitgespreek oor die uitreiking van opnames van ongeredigeerde lesings. Die konsep-Taalbeleid vereis nie dat alle lesings opgeneem word nie; dit bepaal bloot dat indien ’n aanlyn sessie wat opgeneem is, van simultane tolking gebruik gemaak het, die ongeredigeerde lesing beskikbaar gestel sal word.

’n Aanbeveling dat alle voorgraadse summatiewe assesserings ook in isiXhosa vertaal word, word nie in hierdie stadium as haalbaar beskou nie. Nóg ’n voorstel was dat alle moduleraamwerke in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar gestel behoort te word.

7.2 Interne institusionele kommunikasie

7.2.1 Alle amptelike interne institusionele kommunikasie moet sal in Afrikaans, Engels en isiXhosa oorgedra word wees. Die vertaling van bestaande beleide wat tans slegs in Afrikaans en Engels beskikbaar is, sal vanaf 2022 tot 2024 ingefaseer word, teen ’n derde van die groottotal per jaar. soos in die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020)* voorgeskryf. In noodgevallen sal sodanige kommunikasie plaasvind in die taal of tale wat in alle waarskynlikheid die doeltreffendste sal wees.

7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop ingestel gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem.

- 7.2.3 Mondelinge of skriftelike navrae en versoeke deur studente en personeellede word, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, in die taal van die navraag of versoek hanteer.
- 7.2.4 Afrikaans, Engels en isiXhosa word oordeelkundig by amptelike geleentheids soos amptelike vergaderings, seremoniële geleentheids en intreelesings gebruik.
- 7.2.5 In **Studentegemeenskappe koshuise en ander leefomgewings** word taal op so 'n wyse gebruik **wat verseker** dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, **geen belanghebbende uitgesluit word van deelname aan enige formele aktiwiteite in hierdie omgewings nie almal ingesluit word en kan deelneem.**
- 7.2.6 Die volgende bepalinge geld vir die gebruiker-koppelvlakke van inligtingstechnologie- (IT-)sagteware-**toepassings** en mobiele toepassings, **en sowel as** webinhoudsbestuurstelsels:
- 7.2.6.1 Waar meertalige gebruik redelikerwys uitvoerbaar is (**bv. as soos waar 'n toepassing dit ondersteun, of die US insae in 'n invloed kan hê op die ontwikkeling van 'n sagtewaretoepassing het, of as die toepassing meertaligheid ondersteun**, of die US self 'n toepassing bou), ondersteun die US Afrikaans en Engels, na gelang van **die** gebruikers se taalvoorkeur.
- 7.2.6.2 Waar kommersiële sagtewaretoepassings gebruik word wat nie meertaligheid ondersteun nie, is Engels die verstekgebruikstaal.
- 7.2.6.3 Waar **die** gebruikers se taalvoorkeur onbekend is, is die verstektaal Engels.
- 7.2.7 Die volgende bepalinge geld vir inligtingstelsel- of sagtewaretoepassingsdata:
- 7.2.7.1 Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, behoort data wat op 'n individu betrekking het meertalig te wees.
- 7.2.7.2 Waar **die** dataontwerp vir meertaligheid voorsiening maak, en waar dit haalbaar is, behoort die verbandhoudende gebruiker-koppelvlakke **vir meertalige** datavaslegging **meertaligheid** te ondersteun.
- 7.2.7.3 Waar **die** dataontwerp vir slegs 'n enkele taal voorsiening maak, word Engels gebruik.
- 7.2.7.4 Vir alle ander data word Engels gebruik.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrysinstellings* (2020) vereis dat “alle amptelike interne kommunikasie in ten minste twee amptelike tale buiten Engels” oorgedra word. By die US sou dit die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa impliseer. Indien “amptelike interne kommunikasie” egter baie breed vertolk word, kan so 'n voorskrif uiters moeilik of selfs onmoontlik wees om te implementeer in die lig van beperkende faktore soos koste en die beskikbaarheid van menslike hulpbronne om byvoorbeeld alle “amptelike kommunikasie” in isiXhosa te vertaal. Die voorgestelde herbewoording sluit 'n gefaseerde benadering in vir die vertaling van beleide na isiXhosa, en skrap die voorbehoud oor noodkommunikasie.

Sien “13. *Woordelys van terme en afkortings*” vir die definisie van “amptelike interne institusionele kommunikasie”.

Die gebruik van taal op 'n inklusiewe manier sodat alle personeellede en studente vrylik kan deelneem, word meer uitdruklik gestel ten opsigte van interne vergaderings (onder paragraaf 7.2.2) en Studentegemeenskappe (onder paragraaf 7.2.5).

Geringe redaksionele veranderinge aan paragraaf 7.2.6 word voorgestel.

7.3 Eksterne kommunikasie

- 7.3.1 Die US se tale vir eksterne kommunikasie is Afrikaans en Engels en, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, isiXhosa.
- 7.3.2 Die US respekteer die taalbeleide en taalvoorkeure van sy belanghebbendes, vennote en eksterne korrespondente. Dit beteken dat amptelike kommunikasie en vergaderings met hulle oor die algemeen in hulle voorkeurtaal is, of dat die nodige taaldienste (byvoorbeeld vertaal- of tolkdienste) voorsien word, en sal vir hulle voorkeure voorsiening maak in soverre dit redelikerwys uitvoerbaar is. Waar die US nie oor die vermoë beskik om vir die taalvoorkeur voorsiening te maak nie, is Engels die kommunikasiemiddel.
- 7.3.3 Die gebruikerkoppelvlakke van IT-stelsels of -toepassings vir belanghebbendes word soos in 7.2.6 hanteer. Voorbeelde is gebruikerkoppelvlakke vir alumni, skenkers en ouers of voogde.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Soos met “interne kommunikasie”, sal ’n duidelike omskrywing van “eksterne kommunikasie” nuttig wees, en kan dit in ’n verbandhoudende/stawende reglement voorsien word. (Die konsepriglyne/reëls oor die Universiteit se handelsmerk kan dit dalk in meer besonderhede uiteensit.) Hierdie weergawe van die konsep-Taalbeleid herbevestig die onderneming om alle eksterne kommunikasie in sowel Afrikaans as Engels te voorsien. Paragraaf 7.3.3 is ingesluit by paragraaf 7.3.2 sodat dit nie die onderneming in paragraaf 7.3.1 ondermyn nie.

7.4 Taalbeplanning

- 7.4.1 Die Viserektor: (Leer en Onderrig) kom jaarliks met die dekane van die fakulteite ooreen oor meganismes om aanspreeklikheid vir die implementering van hierdie *Beleid* te verseker, wat ten minste insluit die jaarverslag oor die verwesenliking van die taalimplementeringsplan van elke fakulteit (sien 8.1) en die voldoeningsverslag wat ná elke semester ingedien word (sien 8.2), met behoorlike inagneming van die beleidsbeginsels wat in paragraaf 6 uiteengesit word, sowel as van paragrawe en 7.4.2.1 tot 7.4.2.3 uiteengesit word. Teen nie later nie as die laaste vergaderings van die Raad- en Senaatsvergaderings van vir elke jaar doen die Viserektor: (Leer en Onderrig), via die Rektorat en die Senaat, aan die Raad verslag oor die verantwoordbaar aanspreeklikheidsmeganismes waaroor daar vir met die oog op die daaropvolgende jaar met die dekane van die fakulteite ooreengekom is.
- 7.4.2 Elke fakulteit en professionele akademiese steundiensafdeling beskryf hulle sy implementering van hierdie *Beleid* in hulle sy taalimplementeringsplan, waar wat daarop ingestel gerig moet wees om te verseker dat alle modules toeganklik is en dat meertaligheid doelgerig bevorder word sodat:
- 7.4.2.1 die Engelse aanbod opwaarts aangepas in stand gehou word ten einde volle toeganklikheid tot die US te bewerkstellig vir akademies verdienstelike voornemende en huidige studente wat verkies om in Engels te studeer;
- 7.4.2.2 die Afrikaanse aanbod so bestuur word dat toegang tot die US gehandhaaf word vir studente wat verkies om in Afrikaans te studeer, en om voorsiening te maak vir die verdere ontwikkeling van Afrikaans verder as ’n onderrigtaal te ontwikkel, sover dit waar dit redelikerwys uitvoerbaar is; en

- 7.4.2.3 isiXhosa gebruik word waar en in die mate waartoein dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar en redelikerwys uitvoerbaar is.
- 7.4.3 Ten minste een maal per jaar hersien elke fakulteit hulle sy gebruik van taal vir leer en onderrig, en neem die taalreëlings in die fakulteit se sy taalimplementeringsplan op. Hierdie plan word aan die Senaat voorgelê, via die fakulteitsraad en die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) van die Senaat. Die Senaat is by magte om die fakulteit se taalimplementeringsplan hetsy te aanvaar of na die fakulteit terug te verwys, met of sonder voorwaardes. Ná aanvaarding word die taalreëlings vir leer en onderrig in 'n bepaalde module in die betrokke moduleraamwerke gepubliseer.
- 7.4.4 Veranderinge aan die taalreëlings in 'n fakulteit se taalimplementeringsplan wat buite die gereelde hersieningsproses val, maar vereis word deur, byvoorbeeld, 'n spesifieke studentegroep se voorkeuronderrigtaal, pedagogiese oorwegings, of die onbeskikbaarheid van 'n dosent met die nodige taalvaardigheid, kan aangebring word deur die betrokke departementele voorsitter en dekaan, ná oorlegpleging met die fakulteit se studentekomitee oor akademiese aangeleenthede. Hierdie veranderinge word by die daaropvolgende fakulteitsraad- en Senaatsvergaderings voorgelê. Die studente in die spesifieke modules word so gou as wat prakties moontlik is van die veranderinge, sowel as die redes vir die veranderinge, ingelig.
- 7.4.5 Elke verantwoordelikhedsentrum (VS), waaronder professionele akademiese en administratiewe steundienstefdelings sowel as Studentegemeenskappe, hersien gereeld die hulle gebruik van taal in hulle onderskeie omgewings en neem hulle taalreëlings in die hulle onderskeie taalimplementeringsplanne van daardie bepaalde afdeling op. Hierdie planne word deur die betrokke lynbestuurders en die Rektoraat goedgekeur op VS-vlak versamel en aan die Senaat voorgelê, via die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat. Die Senaat is by magte om die taalimplementeringsplanne hetsy te aanvaar of terug te verwys, met of sonder voorwaardes.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

In plaas daarvan dat paragraaf 7.4.2.1 voorskryf dat die Engelse aanbod “opwaarts aangepas word”, is dit verander om te bepaal dat die Engelse aanbod “in stand gehou word” om te verseker dat “alle modules toeganklik is en dat meertaligheid doelgerig bevorder word”.

'n Duideliker onderskeid word getref tussen die taalbeplanningsprosesse vir fakulteite (paragraaf 7.4.2) en professionele akademiese en administratiewe steundienstefdelings (paragraaf 7.4.5). Hoewel Studentegemeenskappe nog altyd deel uitgemaak het van die verslagdoeningsmeganisme, aan die verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor: Leer en Onderrig via die Afdeling Studentesake, word hulle nou uitdruklik in paragraaf 7.4.5 genoem.

Dit was nie duidelik uit die oorspronklike bewoording of die Senaat taalimplementeringsplanne met of sonder voorwaardes kan aanvaar of terugverwys nie en dit is nou duidelik gemaak by 7.4.3.

Die taakgroep het 'n paar versoeke ontvang om paragraaf 7.4.4 te skrap; nietemin word dit as noodsaaklik beskou om 'n voorbehoud vir onvoorsiene gebeure in te sluit (soos indien 'n dosent sou siek word).

7.5 Bevordering van meertaligheid

- 7.5.1 Die Taalsentrum, fakulteite, taaldepartemente, professionele akademiese en administratiewe steundienste, sowel as oorsigbestuur- en bestuursliggame sowel as studente is medeverantwoordelik vir die bevordering van meertaligheid aan by die US. Hierdie verantwoordelikheid sluit die oorweging

van alle moontlike opsies in wat die gebruik van isiXhosa in amptelike kommunikasie en seremonies beklemtoon

- 7.5.2 Die US bevorder en spoor innoverende meertaligheid- en transtaligheidspraktyke aan deur institusionele finansiering te voorsien vir, byvoorbeeld, die uitbreiding van onderrig in meer as een taal in fakulteite, die uitvoering van taalnavorsing, die uitruil van goeie meertaligheid- en transtaligheidspraktyke, die voorsiening verkryging van infrastruktuur en professionele ontwikkeling om IKT-verrykte leerstrategieë te gebruik, die ondersteuning van dissiplinespesifieke inisiatiewe vir akademiese geletterdhede, en die bevordering van inter- en transinstitusionele samewerking tussen en oor instellings heen, veral samewerkingseleenthede wat daarop gemik uit is om die amptelike en ander Suid-Afrikaanse tale wat inheemse tale is, te ontwikkel en te versterk.
- 7.5.3 Die US ondersteun vakkundige inhoud wat in Afrikaans ontwikkel word, en die voortgesette gebruik van Afrikaans as 'n wetenskaplike taal deur die hele Universiteit. Die US bevorder die akademiese potensiaal waarde van Afrikaans deur middel van, byvoorbeeld, onderrig; en die uitvoering van navorsing in en oor Afrikaans; die aanbieding van simposiums; en kortkursusse, ondersteuning aan taalonderwysers en die ontvangs van gasdosente in Afrikaans; die aanbieding van kursusse in Afrikaans-taalverwerwing; die ontwikkeling van akademiese en professionele geletterdhede in Afrikaans; die ondersteuning van lees- en skryfontwikkeling in Afrikaans; die voorsiening van taaldienste, wat insluit Afrikaanse vertaling in Afrikaans en redigering en sowel as dokumentontwerp van Afrikaanse tekste; die ontwikkeling van meertalige woordelyste met Afrikaans as een van die tale; die ondersteuning van toegang tot wetenskaplike tekste in Afrikaans, en die bevordering van Afrikaans deur akademiese publikasies (op relevante navorsingsgebiede waar daar sinvol met die teikengroep omgegaan kan word) en populêr-wetenskaplike publikasies in die algemene media.
- 7.5.4 IsiXhosa, as 'n inheemse taal wat besig is om as ontluikende formele akademiese taal te ontwikkel, geniet besondere aandag met die doel om dit geleidelik in uitgesoekte verskeie dissiplinêre domeine bekend te stel, geprioritiseer in ooreenstemming met wat na gelang van studentebehoefte geprioritiseer word op 'n goed beplande, goed georganiseerde en sistematiese stelselmatige wyse, waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is. Die akademiese rol en leierskap van die Departement Afrikatale, deur dié departement se uitgebreide ervaring van sowel onderrig as navorsing op 'n gevorderde vlak op taal- en taalkundige gebied, sal ten volle ontgin word. In sekere programme word isiXhosa reeds gebruik met die oog op die fasilitering van doeltreffende leer en onderrig, veral waar die gebruik van isiXhosa belangrik kan wees vir loopbaandoeleindes. Die US is daartoe verbind om die gebruik van isiXhosa uit te brei in soverre dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is, byvoorbeeld deur onderwyseropleiding, kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir personelede en studente aan te bied, loopbaanspesifieke kommunikasie, dissiplinespesifieke terminologiesgidse (gedruk en mobiele toepassings) en frasewoordeboeke taalgidse.
- 7.5.5 Ter voldoening aan die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderriginstellings (2020) en op die Universiteit se eie inisiatief, sal die US se omgewings, waaronder die Departement Afrikatale en die Taalsentrum,

versterk word sodat dit in staat sal wees om hulle amptelike Suid-Afrikaanse amptelike tale buiten Afrikaans, Engels en isiXhosa as in tale van leer en onderrig, akademieskap en sowel as navorsing in Suid-Afrika kan ontwikkel. Die Universiteit sal ook strategieë en geleenthede ondersoek en dokumenteer vir om saam te werk aan die intellektualisering van inheemse ander tale in die hoër onderwys in Suid-Afrika, asook en die bestudering studie en ontwikkeling van die Khoi-, Nama- en Santale.

7.5.6 Die US sal steeds die studie van internasionale tale bevorder, asook die marginalisering van inheemse tale aanspreek. In soverre sulke programme en modules deur die Fakulteit Opvoedkunde of Lettere- en Sosiale Wetenskappe, of die Taalsentrum, aangebied word, sal die US waar prakties uitvoerbaar, bydra tot die opleiding van genoegsame taalonderwysers, tolke, vertalers en ander taalpraktisyns om aan die behoeftes van Suid-Afrika se meertalige samelewing te voldoen.

7.6 Steun deur die Taalsentrum

Die Taalsentrum voorsien lewer taalsteundienste met die oog op die doeltreffende implementering van die *Taalbeleid*, in samewerking met die fakulteite, professionele akademiese en administratiewe steundienstefafdelings, en bestuursliggame. Dit word gedoen deur die voorsiening van, byvoorbeeld, lees- en skryfvaardigheidsontwikkelingsteun; taaldienste, wat vertaal-, tolk- en redigeerdienste insluit; modules in professionele kommunikasie, in akademiese geletterdhede, en in taalverwerwing vir Afrikaans, Engels, isiXhosa en SAGT, en navorsing oor taal en taalgebruik. Die fakulteite, professionele akademiese en administratiewe steundienstefafdelings en sowel as oorsigbestuur- en bestuursliggame kan, ná oorlegpleging met die Taalsentrum, ook hulle eie bykomende taalsteun voorsien.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die voorgestelde veranderinge is hoofsaaklik redaksioneel.

Onder paragraaf 7.5.1 is die verwysing na die insluiting van isiXhosa by amptelike kommunikasie en seremonies geskrap omdat dit reeds in paragraaf 7.2.4 aangespreek word.

Aangesien die omskrywing van “inheemse tale” in die *Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderriginstellings* (2020) as problematies beskou word, is die verwysings daarna onder paragraaf 7.5.2, 7.5.4 en 7.5.5 geskrap en die paragrafe herbewoord.

Paragraaf 7.5.3 oor die bevordering van Afrikaans is uitgebrei en ’n nuwe paragraaf 7.5.6 ingevoeg om die belyning met die *Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderriginstellings* (2020) te versterk.

’n Voorgestelde wysiging aan paragraaf 7.5.4 om te bepaal dat kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede gratis aangebied sal word, is nie ingesluit nie omdat dit as ’n bedryfsaangeleentheid beskou word en die koste van kortkursusse op verskeie maniere gedek kan word.

Geringe redaksionele veranderinge is aan paragrafe 7.5.5 en 7.6 aangebring, soos wat hierbo aangedui word.

8. Terugvoer, monitering en konflikbeslegting

8.1 Elke fakulteit en verantwoordelikhedsentrum sowel as die Studenteraad dien een keer per jaar ’n verslag by die Rektoraat in, teen ’n datum wat die Viserektor (Leer en Onderrig) bepaal, wat die volgende uiteensit:

- 8.1.1 Enige struikelblokke wat ~~die betrokke omgewing hulle~~ met die implementering van die *Taalbeleid* ervaar het;
- 8.1.2 Enige meganismes, strategieë of tegnieke wat die implementering van die *Beleid* verbeter het, of wat die doelwitte van die *Beleid* beter kan bevorder; ~~en~~
- 8.1.3 Enige voorstelle vir wysigings aan die *Beleid*;
- 8.2 Elke fakulteit doen ná ~~die einde van~~ elke semester skriftelik aan die Viserektor: (Leer en Onderrig) verslag oor sy voldoening aan ~~die betrokke fakulteit se sy~~ taalimplementeringsplan gedurende daardie semester. ~~Die verslag beskryf elke geval van~~ Waar daar nielvoldoening ~~sowel as was,~~ bevat die verslag 'n volledige beskrywing van elke geval, die redes daarvoor volledig, ~~tesame met en~~ die stappe wat die fakulteit ~~neem doen~~ of sal ~~neem doen~~ om toekomstige afwykings van die taalimplementeringsplan te verhoed.
- 8.3 Die Viserektor: (Leer en Onderrig) kan na eie goeddunke 'n Taalbeplanning-en-bestuurs- (TBB-)advieskomitee aanstel om funksies ~~werksaamhede~~ te verrig wat daaraan ~~die Komitee~~ toegedeelwys word. Sodanige ~~funksies werksaamhede~~ sou die volgende ~~kan~~ insluit: bystand met die verwerking van taalimplementeringsplanne en ~~voldoenings-~~verslae ~~ten einde om~~ goeie praktyke en kwessies vir verdere beraadslaging uit te wys, en om aanbevelings vir verbetering deur fakulteite en/of professionele akademiese ~~en administratiewe~~ steundienste te ~~maak doen~~. Die Viserektor: (Leer en Onderrig) ~~oorweeg kan~~ hierdie aanbevelings vir ~~moontlike~~ insluiting by die Leer en Onderrig-se-jaarverslag aan die Raad ~~oorweeg~~.
- 8.4 Die Viserektor: (Leer en Onderrig) ~~berei stel~~ 'n jaarverslag oor aangeleenthede rakende die *Beleid* ~~voor op~~ vir voorlegging aan die Raad, via die Rektroraat, ~~die~~ Senaat en die Taalkomitee van die Raad. Vir ~~die~~ doeleindes van hierdie jaarverslag neem die Viserektor: (Leer en Onderrig) die verslae ~~soos~~ in paragrawe 8.1 en 8.2 ~~beskryf hierbo,~~ sowel as die terugvoer van die TBB-advieskomitee (8.3), in ag. Die doelwitte van die verslag is onder meer om ~~die hantering van~~ probleemgebiede ~~te hanteer~~ en ~~die uitruil van~~ kennis binne die Universiteit ~~uit te ruil~~.
- 8.5 Studente wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die *Taalbeleid* behoort die volgende prosedures te volg:
- 8.5.1 In geval van implementering deur fakulteite word klagtes aanhangig gemaak soos wat die betrokke fakulteit se appèl- en klagteprosedure voorskryf ~~of, by gebrek aan sodanige,~~ Waar so 'n prosedure ~~en in nie bestaan nie,~~ word klagtes ingedien by (in hierdie voorkeurorde) by die betrokke personeellid, die betrokke departementele voorsitter of hoof, of die dekaan. ~~Indien die kK~~ klagtes ~~wat~~ nie bevredigend op fakulteitsvlak opgelos word nie en met akademiese kontekste verband hou, kan ~~studente die klagtes~~ via die Akademiese Belangeraad (ABR) na die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) verwys, ~~en word~~. ~~Indien die ABK~~ dit nie ~~kan oplos~~ ABK-vlak opgelos word nie, verwys die ABK die aangeleentheid na die Senaat, ~~tesame~~ met 'n aanbeveling.
- 8.5.2 In geval van implementering deur professionele akademiese ~~en administratiewe~~ steundienste ~~afdelings~~ word klagtes aanhangig ~~binne gemaak by~~ die betrokke lynbestuurs ~~funksieder~~ of, ~~in die geval van vir~~ die groter Universiteit, by die Rektroraat via die dagbestuur van die Studenteraad.
- 8.5.3 In geval van implementering in ~~studenteleefomgewings~~ Studentegemeenskappe word klagtes aanhangig gemaak by die huiskomitee of die betrokke inwonende hoof. ~~Indien die kK~~ klagtes ~~wat~~ nie bevredigend op ~~universiteits~~ koshuis- of ~~Privaatstudenteorganisasie-~~ (PSO-)vlak opgelos word nie, kan ~~studente die~~

klagtes aan die Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe gerig of, indien dit nodig is, verder na die Senior Direkteur: Studentesake verwys word.

- 8.5.4 In gevalle waar die gebruik van bogenoemde strukture prosedures nie gepas is nie, kan klagtes by die US Ombud aangemeld ingedien word vir beslegting, wat die saak in oorleg met die betrokke strukture sal besleg.
- 8.6 Personeellede wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die *Taalbeleid* behoort die volgende prosedures te volg:
- 8.6.1 In geval van implementering deur fakulteite word klagtes aanhangig gemaak by (in hierdie voorkeurorde) die departementele voorsitter, of die dekaan.
- 8.6.2 In geval van implementering deur professionele akademiese en administratiewe steundienste word klagtes aanhangig gemaak in by die betrokke lynbestuur funksieder of, in die geval van vir die groter Universiteit, by die Rektraat, via die Viserektor: (Leer en Onderrig).
- 8.6.3 In gevalle waar die gebruik van bogenoemde strukture prosedures nie gepas is nie, kan klagtes by die US Ombud aangemeld ingedien word vir beslegting, wat die saak in oorleg met die betrokke strukture sal besleg.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die terugvoer-, moniterings- en konflikbeslegtingsroetes is standaardpraktyk aan die US, en slegs geringe redaksionele veranderinge word (veral aan die Afrikaanse teks) voorgestel.

9. Beleidsbeheer

9.1 Rolle

- 9.1.1 Die **eienaar** van hierdie *Beleid* is die Viserektor: (Leer en Onderrig), wat verantwoordelik is vir die verrigting van die funksies werksaamhede wat ingevolge die bepalinge van hierdie *Beleid* aan die Viserektor (Leer en Onderrig) hom of haar opgedra word, sowel as die onderstaande verdere funksies werksaamhede hieronder:
- 9.1.1.1 **Verskaf Die voorsiening van** leiding aangaande die vertolking en implementering van die *Beleid*
- 9.1.1.2 **Doen d**Die aanvoerwerk vir, en toesig oor, die hersiening van hierdie *Beleid*, en hou toesig oor die hersieningsproses
- 9.1.1.3 **Stel Die aanstelling van** 'n kurator vir hierdie *Beleid* uit die Afdeling Leer- en Onderrigverryking aan, en sien toesig dat oor die kurator doeltreffend se funksioneering
- 9.1.1.4 **Reik Die uitreiking en kommunikasie van** hierdie *Beleid* uit, kommunikeer dit en moniteer die doeltreffende implementering daarvan om te sorg dat dit doeltreffend geïmplementeer word
- 9.1.1.5 **Hou t**Toesig oor die funksionering van die Taalbeplanning en bestuur (TBB)-advieskomitee, indien sodanige komitee aangestel word
- 9.1.2 Die **kurator** van hierdie *Beleid* soos in waarna paragraaf 9.1.1.3 bedoel dra die onderstaande verwys, is daarvoor verantwoordelik hede:
- 9.1.2.1 **Tre** as om as voorsitter en bestuurder van die TBB-advieskomitee op te tree, indien sodanige komitee aangestel word;
- 9.1.2.2 **Koördineer, hou toesig oor en moniteer om** die Universiteit se taalbeplanning-en-bestuursprosesse te koördineer, daarvoor toesig te hou en dit te moniteer;

- 9.1.2.3 om bewustheid te skep van die Taalbeleid; en
- 9.1.2.4 Roep om een of meer taakgroepe byeen te roep om hierdie *Beleid* te hersien, wanneer so 'n hersieningsproses aangevoer word.
- 9.1.3 Die Taalkomitee van die Raad is daarvoor verantwoordelik om die Raad by te staan om hulle algemene ~~toesighoudende verantwoordelikhede na te kom wat oorsigrol ten opsigte van~~ taalkwessies aan by die Universiteit betref, wat die implementering van hierdie *Beleid* insluit, na te kom, en om enige voorgestelde wysigings of vervangings van hierdie *Beleid* te oorweeg.
- 9.1.4 Die Raad het 'n algemene toesighoudende oorsig verantwoordelikheid wat betref taalkwessies aan by die Universiteit betref, wat die implementering van hierdie *Beleid* insluit, en keur die *Taalbeleid* goed met die instemming van die Senaat en ná oorlegpleging met die Institusionele Forum.
- 9.1.5 Die Senaat het 'n akademiese oorsigverantwoordelikheid, en die Senaat se instemming word vereis voordat die Raad die Taalbeleid kan goedkeur.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Sommige respondente het oor die samestelling van die Taalbeplanning-en-bestuursadvieskomitee uitgepra, en of daar enige maatreëls bestaan om te sorg dat dit verteenwoordigend is, byvoorbeeld van al drie tale. Die taakgroep het bevestig dat dit die geval is vir alle institusionele komitees. Elke institusionele komitee verteenwoordig 'n verskeidenheid fakulteite en verantwoordelikeheidsentrums, en komiteelede word op grond van hulle kundigheid aangestel.

Paragraaf 9.1.2.3 is bygevoeg by die verantwoordelikhede van die kurator, en die Raad se "algemene ~~toesighoudende~~ verantwoordelikheid" is na "algemene oorsig" verander.

Die akademiese oorsigverantwoordelikheid van die Senaat is bygevoeg by paragraaf 9.1.5.

Heelwat kleiner redaksionele wysigings is tot die Afrikaanse teks aangebring.

10. Hersiening

10.1 Taalbeleidvorming en -implementering is dinamiese prosesse.

10.2 Die Viserektor: ~~(Leer en Onderrig)~~:

- 10.2.1 fasiliteer die toetsing van die *Taalbeleid* aan die hand van veranderende omstandighede deur middel van navorsing oor die implementering, monitering en impak van die *Beleid*;
- 10.2.2 fasiliteer gereelde oorlegpleging met die groter US-gemeenskap oor sake rakende die *Taalbeleid*;
- 10.2.3 publiseer inligting wat uit sodanige navorsing en oorlegpleging verkry word; en spruit.
- 10.2.4 Inisieer voor na die goedgekeurde en hou toesig oor 'n hersiening van die *Taalbeleid* met die oog op die moontlike wysiging of vervanging daarvan aan, en hou toesig oor die proses.
- 10.3 Die *Taalbeleid* verval vyf jaar ná die datum waarop dit geïmplementeer is. Onderworpe aan 10.2.4 moet die *Beleid* hersien word in die vyfde jaar waarin dit geld. Indien die eienaar van die *Beleid* dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die geldigheidsydperk hersien word.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die redaksionele veranderinge aan paragraaf 10.3 word voorgestel omdat beleide nie gewoonlik beskryf word as dokumente

wat “veral” nie; ’n beleid bly eerder van krag totdat ’n nuwer weergawe goedgekeur word. Van die terugvoer wat ontvang is, het voorstelle ingesluit om die hersieningstydperk te verleng of te verkort. Volgens die taakgroep is vyf jaar egter gepas.

Die taakgroep ondersteun die huidige hersieningsiklus van vyf jaar.

11. Openbaarmaking

Die *Taalbeleid* is ’n openbare dokument en word op die webtuiste van die Universiteit gepubliseer.

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is

Aanbevelings om die dokument in die vorm van ’n brosjure te druk en vry te stel is oorweeg. Hoewel dít kan deel uitmaak van ’n algemene bewusmakingsveldtog of -strategie, is dít nie as ’n bepaling by hierdie konsep ingesluit nie. In plaas daarvan, dra paragraaf 9.1.2.3 nou uitdruklik die verantwoordelikheid om bewustheid te skep van die *Taalbeleid* aan die kurator op.

12. Herroeping

Die *Taalbeleid* herroep en vervang die *Taalbeleid* wat die Raad op 22 Junie 2016 aanvaar het.

Aantekening

Die taakgroep het besluit om hierdie paragraaf te skrap omdat die inligting reeds in die tabel op die eerste blad van die *Beleid* verskyn.

12. Verbandhoudende en stawende dokumente

Nr.	Dokumentnaam	Status
1.	Konseptuele Raamwerkdokument vir Akademiese Geletterdhede aan die Universiteit Stellenbosch, 2020	Institusionele raamwerk wat die Komitee vir Leer en Onderrig op 17 September 2020 aanvaar het
2.	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Op 8 Mei 1996 deur die Grondwetlike Vergadering aanvaar en op 11 Oktober 1996 gewysig
3.	Beleid oor Gestremdheidstoegang, 2018	Institusionele beleid wat die US Raad op 26 Maart 2018 goedgekeur het
4.	Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, soos gewysig	Aanvanklik op 19 Desember 1997 in Staatskoerant 18515 gepubliseer
5.	Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020)	Op 30 Oktober 2020 in Staatskoerant 43860 gepubliseer
6.	Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000	Op 9 Februarie 2000 in Staatskoerant 20876 gepubliseer
7.	Wet op Gebruik van Amptelike Tale 12 van 2012	Op 2 Oktober 2012 in Staatskoerant 35742 gepubliseer
8.	US-reglement: Taalkomitee van die Raad (2016)	Op 26 September 2016 deur die Raad

		goedgekeur
9.	US-reglement of -taakoms krywing: Taalbeplanning-en-bestuursadvieskomitee (sal opgestel word indien so 'n komitee aangestel word)	Sal opgestel word

Aantekening

Die hiperskakels na hierdie dokumente sal by die finale weergawe ingesluit word. Die taakgroep het die beperkte terugvoer wat ontvang is, oorweeg, maar stel nie in hierdie stadium enige veranderinge aan die lys verbandhoudende en stawende dokumente voor nie.

13. Woordelys van terme, **en** afkortings **en** akronieme

Hierdie woordelys is 'n bylaag by die *Taalbeleid* en kan, met die goedkeuring van die Akademie se Beplanningskomitee (ABK), bygewerk word met die mees relevante taalverwante terminologie, **en** afkortings **en** akronieme wat by die Universiteit Stellenbosch in gebruik is.

ABK	Die Akademie se Beplanningskomitee is 'n staande subkomitee van die Senaat.
ABR	Die Akademie se Belangeraad is 'n studenteierskapstruktuur wat uit die verkose klasvertegenwoordigers van elke fakulteit bestaan.
Akademie se geletterdheid	Die term Akademie se geletterdheid verwys na die vereiste diskoersvaardigheid vir sukses in die hoër onderwys in teks-, digitale, visuele, gebare-, syfer- en ander kommunikasievorme eie aan én oor verskillende dissiplines. 'n Individue wat vaardig is in die akademiese geletterdheid van 'n dissipline sal oor akademiese taalvaardigheid in daardie dissipline beskik.
Amptelike interne institusionele kommunikasie	Amptelike interne institusionele kommunikasie verwys na alle kommunikasie vanaf die Kanselier, Raad, Senaat, die Rektor, Viserektore, die Hoof Uitvoerende Beambte of die Registrateur aan die hele Universiteit
Amptelike Suid-Afrikaanse tale	Amptelike Suid-Afrikaanse tale , soos wat die <i>Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrysinstellings</i> (2020) dit omskryf, is die elf amptelike tale van Suid-Afrika wat in die <i>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika</i> , 1996, gespesifiseer word, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda en Xitsonga.
CHEC	Die Kaapse Hoëronderryskonsortium (die akroniem is vir die Engelse naam) is 'n maatskappy sonder winsoogmerk wat die vier openbare universiteite in die Wes-Kaap verteenwoordig, naamlik die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT), die Universiteit Stellenbosch (US), die Universiteit van Kaapstad (UK) en die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK).
Epistemiese toegang	Die term verwys na Epistemiese toegang of epistemologiese toegang is die proses van suksesvolle kennisverwerwing, -skepping en -verspreiding deur middel van instaatstellende leer- en onderrigpedagogieë.
IKT	Inligtingskommunikasietegnologie.

Inheemse tale	Die term verwys na Inheemse tale , soos wat die <i>Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrwysinstellings (2020)</i> dit omskryf, is tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (word ook in die literatuur en sommige beleidsdokumente Afrikatale genoem) en wat tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort, waar “Bantoe” alleenlik as ’n taalkundige term gebruik word. ²
Interne en eksterne kommunikasie	
IT	Inligtingstechnologie.
Meertaligheid	Dit verwys na Meertaligheid is die gebruik van meer as een taal vir verskeie doeleindes, op verskillende vaardigheidsvlakke. Individuele meertaligheid (of veeltaligheid) verwys na ’n persoon se repertoire van taalgebruik, byvoorbeeld Sesotho vir basiese gesprekke in dienslewingsomstandighede, Engels vir akademiese studie, en isiXhosa vir kommunikasie in gesinsverband. In die literatuur oor meertaligheid verwys samelewingsmeertaligheid na formele taalreëlins (of -beleide) in gemeenskappe waar sprekers van verskillende tale saambestaan. Samelewingsmeertaligheid impliseer nie noodwendig individuele meertaligheid nie. Institusionele meertaligheid is op sy beurt ’n tipe samelewingsmeertaligheid wat weerspieël word in die aktiwiteite en beleide van ’n organisasie, en impliseer ook nie noodwendig individuele meertaligheid nie. Daarbenewens is meertaligheid ’n gesindheid, wat ’n waardering vir diversiteit insluit.
Nagraadse kwalifikasies	Nagraadse kwalifikasies is geakkrediteerde programme wat op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk geregistreer is en waarvoor die minimum toelatingsvereistes ’n toepaslike Diploma op NKR-vlak 6 of Baccalaureusgraad op NKR vlak 7 of hoër is, soos deur die Hoër Onderwys Kwalifikasies-Subraamwerk voorgeskryf. Nagraadse kwalifikasies sluit in die: Gevorderde Diploma, Honneursgraad, Nagraadse Diploma, Meestersgraad en Doktorsgraad.
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk.
Pedagogiese behoeftes	Die term Pedagogiese behoefte verwys na leeromgewings en -geleenthede wat epistemiese toegang moontlik maak, diverse leervooreure fasiliteer, aktiewe studie in die hand werk, die middele voorsien om begrip en insig te verkry, en die konstruksie van robuuste (kenners)identiteite bevorder.
Pedagogies verantwoordbaar	Pedagogies verantwoordbare leerfasilitering voorsien in studente se pedagogiese behoefte deur die “toepassing van outentieke beginsels op die ontwerp van leer vir die hoër onderwys”. Hierdie beginsels sluit in “relevansie vir die werklike wêreld”, “veelvuldige sienings”, “gesamentlike kennisbou” en “outentieke assessering”. ³ (Herrington, A & Herrington, J. 2008. <i>What is an Authentic Learning Environment?</i> IGI Global.)
PSO	Privaatstudenteorganisasie.
Redelikerwys uitvoerbaar	
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal.
Studentegemeenskappe	Studentegemeenskappe is luister-, leef- en leeromgewings waartoe alle studente behoort, vernameelik universiteitskoshuise, PSO-wyke en

² Die US ondersteun die siening dat Afrikaans en die Khoi-, Nama- en Santale inheemse tale is.

³ Eie vertaling; bron is in Engels gepubliseer.

	<u>residensiële onderwys- (ResEd-)klusters (wat as 'n bykomende studentegemeenskap benewens koshuise en PSO-wyke dien). Lidmaatskap van studentegemeenskappe bied studente die geleentheid om aan komiteestrukture, verenigings en sportklubs deel te neem en vir kurrikulêre ervaringsleeraktiwiteite in te skryf.</u>
TBB-advieskomitee	Taalbeplanning-en-bestuursadvieskomitee.
Tolking	<u>Die term verwys na Tolking is</u> 'n aktiwiteit wat beoog om gesproke of gebarebetekenis akkuraat uit een taal in 'n ander oor te dra in 'n bepaalde omstandigheds- of institusionele konteks. In onderwysverband geskied gesproke en/of gebaretolking gewoonlik in simultane vorm (intyds op die perseel, met monitering van uitsette en die handhawing van minimum sloertyd tussen die oorspronklike en getolkte boodskappe) en met behulp van dissiplinespesifieke terminologie. Hoewel simultane tolking normaalweg op die perseel geskied, met die tolke fisies in die klaskamer, kan dit ook aanlyn gebeur (waar die tolke en/of heelparty of alle deelnemers nie op die perseel aanwesig is nie) in die konteks van aanlyn leer en onderrig. Die doel van opvoedkundige tolking is om akademiese toegang en sukses in 'n pedagogies verantwoordbare, meertalige leeromgewing te fasiliteer. Dit is belangrik om daarop te let dat die begrip “simultane” tolking daarop dui dat die tolking intyds of direk geskied.
Transtaligheid	<u>Dit Transtaligheid</u> is 'n versamelterm vir 'n konteks waarin meertalige persone die taalhulpbronne tot hulle beskikking gebruik om met mekaar en met tekste om te gaan om betekenis te skep. In klaskamerverband is die doel om leer deur middel van verskeie strategieë te verdiep, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, oorskakeling tussen tale (<i>code switching</i>), vertaalpraktyke, dubbeltaligheid (<i>co-languaging</i>) en tolking, sonder enige poging om kommunikasie of omgang met tekste tot een taal of taalvariëteit te beperk.
US	Universiteit Stellenbosch.
Vertaling	Vertaling verwys na die oordrag van skriftelike betekenis uit een taal in 'n ander in bepaalde omstandighede of 'n institusionele konteks. Die doel van professionele vertaling is om te verseker dat die bron- en vertaalde teks dieselfde boodskap oordra, met inagneming van die teksfunksie, die taalreëls, skryfkonvensies en idiomatiese gebruik van albei tale, en die tersaaklike terminologie. Professionele vertalings is goed afgeronde skriftelike produkte. Daar word onderskei tussen vertaling, synde die oordrag van skriftelike idees uit een taal in 'n ander, en tolking, synde die oordrag van idees wat mondelings of deur gebare gekommunikeer word (soos met SAGT).
VS	<u>Verantwoordelikhedsentrum, 'n verslagdoeningslynstruktuur wat aan 'n lid van die Rektoraat verslag doen.</u>

Aantekeninge oor terugvoer wat ontvang is, en oor die voorgestelde veranderinge

Die omskrywing van “inheemse tale”, wat direk uit die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) oorgeneem is, het kritiek ontlok. Aangesien die taakgroep glo dat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se omskrywing akademies onjuis is, het hulle 'n voetnota ingevoeg om aan te dui dat die Universiteit Stellenbosch die siening ondersteun dat Afrikaans en die Khoi, Nama- en Santale óók inheemse tale is vir die doeleindes van die *Taalbeleid*.

Aangesien die verwysing na CHEC onder paragraaf 2 geskrap is, word die akroniem nie meer gelys nie, terwyl “PSO” en “VS” op hulle beurt bygevoeg is. Die universiteitspesifieke term “Studentegemeenskappe” word deurgaans in hierdie tweede weergawe van die konsep-*Taalbeleid* gebruik; dus is 'n omskrywing daarvoor ook ingesluit.

Sekere redaksionele veranderinge aan die omskrywings van “tolking” en “meertaligheid” word voorgestel.

Die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrysinstellings* (2020) is vaag oor wat presies onder “amptelike interne kommunikasie” en “eksterne kommunikasie” verstaan moet word. In hierdie tweede konsepweergawe word ’n definisie vir “amptelike interne institusionele kommunikasie” voorsien.

Die term “redelikerwys uitvoerbaar” is tans vatbaar vir vertolking. Die taakgroep kon nie ’n presiese omskrywing bewoord nie omdat die betekenis van so ’n regsterm binne die konteks van die beginsels en bepalings van die *Taalbeleid* bepaal sal moet word. Respondente het kommer uitgespreek dat “redelikerwys uitvoerbaar” dalk ’n “voorbehoudsbepaling” is, wat nie die bedoeling van die *Beleid* is nie.